

18 Oktober

Skrifgedeelte: Matteus 21:23-27
Fokusgedeelte: Matteus 21:23

Die vraag oor Jesus se gesag

Die Fariseërs wil by Jesus weet waar Hy die gesag kry om die tempel te reinig (Matt 21:12-17) en om mense te leer (Matt 21:23). Sou Hy sê dat Hy sy gesag van God ontvang, kon hulle Hom van Godslastering beskuldig. Sou Hy antwoord dat Hy self die gesag het, kon hulle Hom aankla dat Hy Hom bo die Wet van God stel. Dit is die rede vir die oënskynlike onskuldige vraag: “Met watter gesag doen U hierdie dinge?”

Jesus ken egter hulle duistere motiewe. Gevolglik stel Hy ook ’n vraag: Vanwaar het die doop van Johannes gekom? Van God of van mense af? Met dié vraag herinner Jesus die Fariseërs dat hulle ongeveer drie jaar gelede dieselfde vraag ook aan Johannes die Doper gestel het (vgl. Joh 1:19-26). Daarmee wil Jesus sê: Net soos Johannes sy roeping van God ontvang het, so het Hy sy roeping van sy Vader ontvang. Die fout lê nie by die roeping van Johannes of van Jesus nie, maar by die ongeloof van die Fariseërs.

Ons leef in ’n tyd waarin baie mense – ook sogenaamde Christene – Jesus se gesag, kruisdood, opstanding, hemelvaart en wederkoms verwerp. Mag dit nooit my en jou gesindheid wees nie! Mag ons in aanbidding neerval en saam met ’n Tomas bely (Joh 20:28): “My Here en my God!”

Sing: Skrifberyming 5-3(8):1, 2

Dr. CJ Malan (Emeritus)